"Could we apply to ourselves the same degree of inventiveness and rigorous negotiation we displayed up to the adoption of our constitution? In the total scheme of things, the outcome could be as disastrous as it could be formative and uplifting, setting in place the conditions for a true renaissance such as could be sustained for several generations," he said.



After the lecture a blue Basotho blanket was handed to Prof. Njabulo Ndebele, Vice-Chancellor of the University of Cape Town, by Prof. Frederick Fourie, Rector and Vice-Chancellor of the UFS.




Mr Mosiuoa Lekota, Minister of Defense.



Prof. Mafa Sejanamane, Vice-Chancellor, National University of Lesotho, receiving a traditional Basotho blanket, hat and kerie from Prof. Fourie.



Prof. Ndebele delivering the first King Moshoeshoe Memorial Lecture.



Morena Matheadira Seeiso, representative of His Majesty King Letsie III from Lesotho.

Wat sal jou gelukkiger maak?

'n Lekkerrus wegkomkans

'n Sorgvrye aftrede

Met Sanlam Topaz kan ek jou help om vooruit te beplan vir 'n sorgvrye aftrede. En wanneer jy die gemoedsrus het dat jy voorsiening gemaak het vir 'n voldoende neseier, sal jy presies weet hoe jy jouself kan bederf met dit wat jy nou wil hê. Gesels vandag nog met my oor 'n pasgemaakte aftreeplan. Ons dink vooruit. En jy?

Ek bied jou ook 'n reeks pasgemaakte oplossings wat kan help dat jy 'n vervulde lewe lei:

- Beleggingsbeplanning
- Risikodekking
- Beplanning vir opvoeding



Ben Opperman

Senior Onafhanklike Finansiële Adviseur

051 407 8156

082 457 2240

benoprnm@intekom.co.za



Ons dink vooruit



As die koeie nie huis toe kom nie

Hoe het julle gesê! Bibber gaan ons bibber dat die biesies bewe! Bultjie het as kind altyd op 31 Mei op die ou familieplaas gaan jag. Of eintlik gaan bewe! Vyfuur is jy agterop die bakkie met 'n ou armyjas, twee lemoene, 'n antieke Lee Metford van omtrent een ton, en ses patrone. Jy knyp die geweer tussen die bene vas en hou jou hande so lank as moontlik in jou sakke. Binne in die sakke is twee Boxer-twaksakkies met droë mieliepitte in wat Mammie vir haar arme ou seuntjie op die Aga warmgemaak het. Die sakkies hou presies twaalf minute, dan is hulle ook koud. Dan't jy nog nie eers die eerste hek gehaal nie.

Anderkant die eerste hek slaat die bakkie die eerste gat. Keer kan jy nie keer nie, want jou hande is nog in jou sakke en jy en die geweer en die kap van die bakkie kom gelyk bymekaar uit. Koue seer is seerder as warm seer.

Dan word jy iewers naby 'n hoek gedrop en jy skrop vir jou 'n skietnes waarvandaan jy alles om jou kan sien en waarin geen bok veronderstel is om jou ooit te sien nie. En dan lê en bewe vir omtrent 'n uur of drie sonder dat daar 'n bok verbykom. Daai'tyd is die son uit en na die eerste lemoen raak jy aan die slaap.

Later hoor jy sulke snaakse snorkge-luide en as jy oë oopmaak sien jy jy's omring van omtrent 'n duisend bokke. Of altans so lyk hulle vir jou. Die naaste een omtrent vyftien tree van jou af. Jy kyk vir hulle en hulle kyk vir jou. Die probleem is dat jy nie die geweer kan roer sonder dat hulle die hasepad vat nie. Nou trapsuutjies, trapsuutjies jy die geweer in bok se rigting. Bok sien dit en jy sien bok sien dit, maar hy's te nuuskierig. Nou stoot jy die slot stadig toe en korrel. Bok hou nie daarvan nie en laat spat! Bokke is anders as mense. Almal dink presies dieselfde en laat spaander. Teen twaalfuur se kant het jy al 'n meerkat uit verveling geskiet! En dis dit! Maar volgende jaar 31 Mei kom bibber jy weer!

But according to Bultjie's father the southern Free State was never as cold as in the Clocolan area! Although he's

eighty years old, he has a fantastic memory. And he had that twinkle in his light blue eyes again.

"I had to bring in the cows at five in the morning. One freezing morning I slept till six and when I found the cows standing a distance away in the long grass, I saw a very strange sight. The backs of the cows were about two feet higher than the front parts! It looked as if they were standing with their hind legs on ant hills hidden in the grass.

"As I came closer I saw what the problem was. Because I was an hour late, the milk started flowing from the cow's udders. It was so cold that the milk froze before it could reach the ground! So there all the cows where – front feet on the ground and their backs up in the air, supported by four pillars of frozen milk! The hind legs swung aimlessly in the air as the cows tried to walk home! I

had all the trouble in the world to chop down the milk pillars from under each cow with a stone. That milk was frozen like steel! And then I had to keep that freed cow moving, ou Boet! I had to avoid the same cow 'milking' herself up into the air again while I was trying to bring the next cow down onto all fours." But those cows got such a groot skrik that from that day on they came home to the kraal early in the mornings sommer so by themselves!

As julle wil wors stop, ek het nog varkspek!

Groete van kaggel tot kaggel!

Bultjie

Prof. Loots praat oor ontwikkeling in Afrika



Prof. Elsabé Loots, hoogleraar aan die UV se Departement Ekonomie, het haar intrede gelewer oor groei en ontwikkeling in Afrika. Tydens die geleentheid was, van links: prof. Phillippe Burger, Departementele Voorsitter: Departement Ekonomie, prof. Tienie Crous, Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, prof. Loots en prof. Frederick Fourie, Rektor en Visekanselier.

Beleid vir sellulêre fasiliteite goedgekeur

'n Beleid oor die gebruik van sellulêre fasiliteite is deur die Uitvoerende Bestuur van die universiteit goedgekeur. "Die beleid is daar gestel omdat bedryfskoste van sellulêre fasiliteite duurder is as dié van landlyne en dit nodig is dat die universiteit die behoefde verantwoordelik bestuur, sellulêre fasiliteite deur personeel misbruik word en personeel nie op die beleid van terugbetaling van privaatoproepe ag slaan nie," sê mnr. Chris Liebenberg, Direkteur: Finansies.

Aansoeke om sellulêre fasiliteite sal beheer word volgens die noodsaaklikheid van die fasiliteit vir skakeling/kommunikasie vir die neem van of uitvoering van besluite en die verrigting van take, die bekostigbaarheid van die fasiliteit in vergelyking met alternatiewe, die beskikbaarheid van fondse en daar sal gekyk word na bestaande alternatiewe wat reeds tot die beskikking van die personeellid gestel is en redes hoekom dit nie aan die behoeftes tot dienslewering voldoen nie. Die verantwoordelikheid vir die bestuur en beheer van koste berus by die onmiddellike hoof.

Alle kontrakte vir sellulêre fasiliteite moet in die naam van die universiteit aangegaan word. Die maksimum totale maandelikse koste vir amptelike gebruik en toerusting vir registrateurs en hoër is R600, vir departementshoofde en direkteure is R400 en vir alle ander personeellede is R200. Indien gronde bestaan vir die oorskryding van die maksimum koste vir amptelike gebruik, mag 'n eis ingedien word. Andersins word die bedrag waarmee die maksimum maandelikse koste oorskry word, as privaat gebruik beskou en moet die personeellid toestemming gee dat die res van die rekening van sy salaris verhaal mag word.

Enige geskenke wat saam met 'n pakket deur die diensverskaffer aangebied word, is die eiendom van die universiteit en moet by Bevoorrading ingehandig word.

Selfoon vervolg op bl.15

CHESD talked to mentors and mentees



At the mentee workshop were from the left: Dr Hillary Geber, presenter of the workshop and external evaluator of the programme, Wits University, Ms Christolene Saaiman, master's student in the Department of Physiotherapy, Ms Lucia Motseki, Ph.D. student in the Department of Human Nutrition (both are Atlantic Philanthropies scholarship holders) and Ms Annette Prins, Deputy Director of the Grow our own Timber Programme. The external evaluation of the Atlantic Philanthropies programme is conducted for purposes of quality assurance.

The Division Staff Development at the Centre for Higher Education Studies and Development (CHESD) presented mentorship and mentee workshops. Senior academic staff members who are involved in mentoring junior academics received

the opportunity to attend training on *Fast tracking young academics: Does mentoring make a difference?*

The junior academics were also invited to attend a training session on *Receiving the help and assistance you need.*

Raad op Hoër Onderwys praat by UV



Verteenwoordigers van die Universiteit van die Vrystaat, die Sentrale Universiteit van Tegnologie en die Vrystaat Hoër Onderwys-konsortium het die streeksforum van die Raad op Hoër Onderwys bygewoon. Die tema was regeringsbetrokkenheid in hoër onderwys, institusionele outonomie en akademiese vryheid. Die geleentheid was deel van die ondersoek wat 'n taakspan van die Raad op Hoër Onderwys onderneem oor die onderwerp. By die forum, was van links: me. Ashley Symes, navorsers van die Raad op Hoër Onderwys, dr. Adam Habib, spreker, en dr. Maboreng Maharasoa, spreker.

SAS Institute visits the UFS



During a workshop on SAS software Mr Carel Badenhorst, Product Manager of Business Intelligence at the SAS Institute discussed The Enterprise Intelligence Platform and Business Intelligence and demonstrated the use of the graphical user interface SAS Enterprise Guide. Ms Kate Smit, Deputy Director: Computer Services said: "SAS software is now available on every PC on the campus." Staff members can send their request to use SAS to rskate.rd@mail.uovs.ac.za. At the SAS workshop were, from the left: Mr Murray de Villiers, Manager: Alliances (SAS Institute), Mrs Kate Smit, Deputy Director: Computer Services (UFS), Mr Carel Badenhorst, Product Manager: Business Intelligence (SAS Institute), Mr Sakkie Janse van Rensburg, Director: Computer Services, UFS, and Mr Amer Nazir, Research Assistant: Strategic Planning, UFS.

RIEP beloon leerders met sertifikate



Die Navorsingsinstituut vir Onderwysbeplanning (NIOB) het 'n aantal Graad 00-fasiliteerders in Heidedal in die Family Math and Family Science-program opgelei. Die doel van die opleiding was om ouers deur middel van opleidingswerkswinkels te help om hul kinders verder te ontwikkel in die wetenskap, wiskunde en tegnologie. Hulle moes as deel van die opleiding elk 'n gemeenskapswerkswinkel reël wat deur NIOB geassesseer is. Tydens 'n sertifikaatoorhandigingsfunksie wat deur die betrokke skoolhoofde, die fasiliteerders en die personeel van NIOB bygewoon is, was van links me. Mary Carolus, onderwyseres van Heidedal Wieg wat deur die Family Math and Family Science-program opgelei is, me. Elizna Prinsloo, koördineerder van die program (NIOB), en prof. Jack van der Linde, Direkteur: NIOB.

Change in tuition fees for postgraduate studies

From 2007 postgraduate students will pay for their studies per module and not on an annual basis. This includes all postgraduate studies.

Problems are experienced when students pay annually. A large number of the accounts for postgraduate tuition fees have to be checked individually. This increases the risk of mistakes to an unacceptable level, said Mr Chris Liebenberg, Director: Finance. In principle no mistakes should occur regarding the charging of tuition fees.

By charging tuition fees for postgraduate studies per module, as in the case of undergraduate studies, it would be possible to eliminate almost all the problems that are experienced at present. In addition such a system would offer the following advantages:

- A more standardised and uniform method of charging tuition fees.
- It would be easier to administrate as it corresponds with the standard functions used in PeopleSoft.
- It would encourage students to complete their studies within the prescribed minimum period.
- It would eliminate the problem of postgraduate students failing almost "free of charge".
- It would constitute a continuation of the way in which tuition fees are charged at undergraduate level and with which students are familiar.

Selfoon vervolg vanaf bl.14

Personeel word versoek om die toerusting en fasiliteite op te pas. Koste wat uit die verlies daarvan ontstaan, is vir die rekening van die departement wat die toerusting en fasiliteit aanvra.

Met verstryking van die termyn van die kontrak moet die personeelid weer aansoek doen vir die fasiliteit. Die toerusting wat in die kontrak ingesluit is, mag deur die personeelid aangekoop word. Met diensbeëindiging of ontruiming van 'n pos moet die toerusting vir bewaring by Bevoorrading ingehandig word of die kontrak kan vir die oorblywende termyn deur die uitgaande personeelid oorgeneem word.

Interne oudit fokus op verontagsaming van beleid en prosedures

Tydens interne oudits het die Departement Interne Oudit al verskeie ongerymdhede waargeneem met aankope, telefoonkoste, ad hoc-eise, eise vir reis-, verblyf- en onthaalkoste, voorskotbedrae en buite-universiteitswerk. Volgens mnr. Gert van den Berg, Direkteur: Departement Interne Oudit, moet personeel van die UV teen die volgende voorbeelde van ongewenste praktyke, wat op die nienakoming van beleid en prosedures en gebrekkige interne beheer kan dui, waak:

- Bestellings van meer as R 100 000 moet met ten minste drie kwotasies vergesel word, die aankoop moet in belang van die UV wees, die beste kwotasie moet gebruik word, en bestellings mag nie in dele uitgemaak word om goedkeuring op 'n hoër vlak te omseil nie.

- Pligte is nie altyd behoorlik geskei nie. Dieselfde personeel wat bestellings op die rekenaarstelsel genereer, teken ook vir ontvangs van die goedere en die fakture, wat as magtiging geld dat die betaling kan geskied.
- Soms word bestellings uitgereik nadat die goedere reeds gelewer en fakture ontvang is. Dit beteken dat die aankope ongemagtig is. Personeel het al persoonlike aankope deur die UV-entiteite gedoen en dan die geld weer op die entiteite terugbetaal.
- Privaatoproepe vanaf amptelike landlyne en selfone word nie aan die UV terugbetaal nie.
- Eisvorms vir ad hoc-eise word soms deur iemand anders as die eiser onderteken, ondersteunende dokumentasie ontbreek by die indiening van eise, die tydperke van ad hoc-eise oorvleuel met die tydperke van ander ad hoc-eise van

dieselfde persoon en fotostate van die oorspronklike word weer vir uitbetaling ingedien.

- By eise vir reis-, verblyf- en onthaalkoste is die groototaal van eisvorms nie altyd ingevul nie, wat 'n leemte laat vir addisionele strokies om by eise gevoeg te word nadat die eis goedgekeur is.
- Uitgawestrokies is nie altyd deur die verantwoordelike personeel nagegaan voordat die eis ingedien is nie. Daar is dus op die integriteit van die personeellede gesteun, wat die leemte laat dat bedrog gepleeg kan word.
- Ontbyt net 'n paar kilometer buite Bloemfontein, die eis van etes in Bloemfontein wanneer die personeel teruggekeer het van 'n reis, biltong, lekkers en koeldrank, koerante en tydskrifte, klere, bywoning van kunstefeeste soos Aardklop, geskenke, drukvlerke vir motor en R200 se drank as verversings terwyl op reis tussen Bloemfontein en Port Elizabeth en footjies by etes mag nie as amptelike uitgawes geëis word nie.

- Voorskotbedrae word nie slegs vir die doel waarvoor dit aangevra is, gebruik nie.
- Uitgawebewysstukke is reeds aangegaan nog lank voor die voorskotbedrag aangevra is.
- Laervlakpersoneel vul die voorskot in en teken as eiser, terwyl die persoon wat die uitgawes werklik aangaan, dit goedkeur. 'n Persoon kan nie sy/haar eie uitgawes goedkeur nie.
- Sommige personeel doen buite-universiteitswerk sonder om daarvoor aansoek te doen. Buite-universiteitswerk word ook gedurende kantoorure gedoen sonder dat enige gemagtigde verlofform by Menslike Hulpbronne ingedien is.

As personeel enige vorm van bedrog vermoed, moet dit onmiddellik aan minstens die Interne Ouditeur aangemeld moet word. "Daar sal binnekort 'n 24 uur-bedrognoodlyn beskikbaar wees waar die vermoede dat bedrog gepleeg word, aangemeld kan word," sê mnr. Van den Berg.

In die volgende uitgawe van *Dumela* word wenke om goeie interne beheer daar te stel, bespreek.

Mediese dienste beskikbaar op kampus



Kovsiegesondheid, die mediese praktyk op kampus, nooi alle personeel sowel as studente om van hul dienste gebruik te maak. Mediesefondstariere is van toepassing en word direk van die pasiënt se mediese fonds geëis. Kontak hulle by 051 4012603 vir 'n afspraak. Die Kovsiegesondheidspan is van links, agter: me. Sharon Coleman, me. Trix Botha, me. Sophia Marais, dr. Petro Basson, MIV en Vigssentrum, dr. Arina Meyer, me. Lydia Mogale, me. Estelle Heyderman, MIV en Vigssentrum; voor: suster Riana Johnson, en me. Nada Lourie, MIV en Vigssentrum. Dr. Louis Holtzhausen, direkteur Kovsiegesondheid was afwesig toe die foto geneem is.

'Flinke herwinning kan swak dienslewering red'



'n Werkswinkel oor kliëntediens is aangebied aan 'n groep personelede aan die UV. Van links is, voor: dr. Renalde Huysamen, Hoof: Prestasiebestuur en Personeelontwikkeling, mnr. Henry Coetzee, aanbieder van die werkswinkel van Congruence Training in Johannesburg; agter: mnr. Mosia Fanyana, Sasol Biblioteek, me. Rothea Pelser, Sasol Biblioteek, me. Jill Valentine, Sasol Biblioteek, en me. Hannetjie Nagel, Studentesake.

“Om werklik pro-aktief die behoeftes van kliënte aan te spreek is dit nodig dat personeel bemagtig moet wees om sowel interne as eksterne kliënte se versoekte te akkommodeer en daarop te kan reageer,” sê dr. Renalde Huysamen, Hoof: Prestasiebestuur en Personeelontwikkeling in die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling.

'n Groep personeel van die universiteit het by 'n kliëntediensbestuur-

werkswinkel meer gehoor van vaardighede, kennis en outoriteit om hul kliënte beter te dien. Hierdie geakkrediteerde werkswinkel het gefokus op aspekte soos: wie is my kliënt, die invloed van my gesindheid op dienslewering, persoonlikheidsstyle en hoe dit kommunikasie beïnvloed, kommunikasievaardighede, probleemoplossing en hoe om kritiek te hanteer.

Verdere werkswinkels word beplan in Junie.

Staff enthusiastic about wellness



The Wellness Committee presented a wellness programme on the Main Campus of the UFS. The session, *Go for Gold*, presented by Dr Tiesie de Coning, a motivational speaker, covered the topics: “You are unequalled unique”, “Let stress work for you” and “Live with enthusiasm”. Dr Marlene Opperman, a biokinetician, talked about the importance of exercise in “Get moving” and Ms Elmine du Toit, a dietician, presented a session on the importance of a healthy diet in “Eat to succeed”. Staff was also given the opportunity to get their blood sugar, cholesterol and blood pressure tested. Attending the wellness programme were, from the left: Ms Lorraine Meintjies, nurse from Discovery, Prof. Niel Viljoen, Chief Director: Operations at the UFS; back: Dr Louis Holtzhausen, Director: UFS Sport and Exercise Science Medicine Clinic, and Dr De Coning.

Heuningbostee het ook sy voordele

Rooibostee se buurman, heuningbostee, wat net in die Kaapse fynbosstreek in Suid-Afrika voorkom, is ook besig om meer gewild te word in gesondheidskringe. Die tee met sy lae tannien- en kafeïeninhoud is reeds vroeg deur mense in die Wes-Kaap gebruik vir allergieë, ontsteking, om krampe teen te werk en om asma en hoesbuie te behandel. Later het wetenskaplikes gevind dat heuningbostee anti-allergiese, anti-inflammatoriese en anti-spasmodiese eienskappe besit.

Prof. Vincent Brandt, verbonde aan die Departement Chemie aan die UV, was by verskeie studies oor heuningbostee betrokke. Hy was ook moderator vir 'n aantal studente wat hul nagraadse studie oor die tee voltooi het en hy het namens Infrotech Nietvoorbij vir die Nasionale Landbounavorsingsraad navorsing gedoen wat heuningbos wil bevorder as volhoubare landbouprodukt.

“Resultate van ondersoek het bewys dat fenoliese komponente in heuningbostee teenwoordig is. Ons het die fenoliese komponente geïsoleer en gevind dat die verbindings telkens geassosieer kan word met fisiologiese eienskappe wat baie gesondheidsvoordele vir die mens inhou. Die flavonoïede in heuningbostee word byvoorbeeld in verband gebring met antivirale, anti-kanker en estrogeniese aktiwiteite.

Buiten al die eienskappe bevat heuningbostee flavonole wat die verouderingsproses in die mens kan teenwerk. Dit is al onomwonde bewys dat vrye radikale-suurstofspesies direk as oksidante funksioneer. Dr. Irene Kamara wat vroeër haar Ph.D. onder leiding van prof. Brandt aan die UV by die Departement Chemie gedoen het, het intensiewe studies uitgevoer op die anti-oksidant-eienskappe van die fenoliese komponente. Sy het gevind dat flavonoïede direk as anti-oksidante optree vir vrye radikale. Die flavonole in heuningbostee, net soos in rooibostee, bevog dus vrye radikale.

'n Koppie heuningbostee is jou kuur in die natuur wat van 'n hoesbuie tot 'n allergie die hoof kan bied.

Domestic violence gets attention

A seminar on domestic violence was presented for students in the new LL.M. module on Human Rights specialising in reproduction and sexual health rights. A limited number of students from African countries such as Malawi, Kenya, Uganda, Zimbabwe, Ethiopia and Tanzania are selected for this programme. Students are equipped with knowledge and an understanding of reproductive and sexual health rights from domestic and international perspectives.

Adv. Beatri Kruger from the Department of Criminal and Medical Law from the Faculty of Law, and Prof. Susan Kreston, appointed at the Faculty of Law for two years as a Fulbright Scholar and visiting Professor of Law, from the United States of America, researching women's and children's rights, presented the seminar.

Bloemfonteiners stel belang in Evangelie van Judas

“Wanneer mense hoor die kerk probeer om iets te verdoes, is daar baie mense wat dadelik belangstel om meer te hoor,” sê prof. Francois Tolmie, Departement Nuwe Testament aan die UV oor die Evangelie van Judas by die Departement Nuwe Testament se besprekingsaand met die tema *Die Evangelie van Judas*.

Die Evangelie van Judas stel Judas nie voor as die verraaier van Jesus nie. Judas is volgens hierdie evangelie eintlik die een wat Jesus gehelp het om Sy aardse liggaam te offer sodat die “vonk van die goddelikheid in Jesus” kon teruggaan na God. Prof. Hermie van Zyl, Dekaan van die Fakulteit Teologie aan die UV, het gewys op die gebalanseerde beskrywing van Judas in die Bybel. “Daar word van sy verraad vertel, maar ook van sy berou na die tyd. In teenstelling hiermee gee die Evangelie van Judas net 'n blinkgepoetste prentjie van Judas as die enigste ware dissipel,” sê prof. Van Zyl.

Toponderwysstudente aan UV ontvang beurse



Vier toponderwysstudente in die Skool vir Opvoedkunde aan die UV is vir hul tyd en ywer beloon met beurse van die Suid-Afrikaanse Onderwysunie (SAOU) en die Federasie van Beheerliggame vir Suid-Afrikaanse Skole (FEDSAS). Mnr. Daan Potgieter van SAOU sê dit is hulle bydrae om kwaliteit onderwysers vir die toekoms te verseker. By die oorhandiging van die beurse was van links Riana Rossouw, student, Jan Greyvenstein, student, Marizaan Landman, student, mej. Ricka Venter, dosent by Kurrikulumstudies aan die Skool vir Opvoedkunde, en Bea Erasmus, student.

Geesteswetenskappe vergader nou aanlyn



Die bestuur van die Fakulteit Geesteswetenskappe het na jare van pakke dokumentasie vir vergaderings na die Pamassusstelsel oorgeskakel. “Die doel is om alles meer stroombelyn te maak deurdat notules vinniger beskikbaar kan wees,” sê prof. Engela Pretorius, Visedekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe. Om personeel in staat te stel om doeltreffend aan vergaderings deel te neem, het prof. Gerhardt de Klerk, Dekaan van dié fakulteit, skootrekenaars aan al die fakulteitsbestuurslede oorhandig.



Klippies in my skoen

Competes for parking

Prof. Peter Holmes, Departmental Chairperson, Geography writes:

I read Marietjie van der Walt's letter "Ons vra gereserveerde afdakke" (Dumela May 2006-3) with a sense of sympathy and cynicism. Sympathy in that I can appreciate her frustration and cynicism in that, while soothing words are offered in reply, I reckon this is all she is likely to receive! Our request at Geography is not for covered parking, just that we be allowed to park (we have paid for our discs) on the reserved parking outside our building. Students treat the "reserved" signs with utter

contempt. The result is that my staff and I frequently cannot find any parking at all! Finally, if anyone can name me one South African University where a professor and head of department has to compete daily with undergraduate students for parking, I will personally wash their car, for free!

Ms Edma Pelzer, Director: Physical Support Services and Special Projects answers:

Professors need not compete with undergraduate students for parking. In terms of the recently approved parking strategy the eastern part of Kampuslaan-

Noord has already been reserved for staff members. It is within easy walking distance of the Geography Building. Additional areas in the central campus area will be reserved for staff over the next months. We are working hard to attend to all the aspects of the parking problems simultaneously. An attempt is being made to create enough alternative parking areas for students and therefore the Executive Management resolution regarding the reservation of the central campus parking areas is being implemented in phases.

Personeel word voorberei vir institusionele oudit

Dr. Louis van der Westhuizen, Kantoor van die Registrateur: Strategiese Beplanning het 'n sessie aangebied vir personeel en studente van die Grow our own Timber-Program oor kwaliteitsversekering in terme van die algemene UV-kwaliteitsreëlings vir onderrig en leer.

Tydens die sessie het hy gefokus op die institusionele meganismes en prosedures om kwaliteit te verseker; program- en module-evaluasies as hersieningsmeganismes vir verbetering; akademiese ondersteuningsdienste as geleentheid vir sukses; en die gebruik van *benchmarking*, opnames en impakstudies vir die bestuur van onderrig- en leerprosesse.

Hy het personeel ook ingelig oor die institusionele verwagtinge met betrekking tot die komende Hoëron-

derwys-Kwaliteitskomitee se Institusionele Oudit wat beplan is vir Oktober 2006.



By die sessie was, van links: prof. Laurika van der Westhuizen, Programdirekteur: Voorgraadse mediese opleidingsprogram, me. Khanyisa Ngesi, meestersgraadstudent in die Departement Statistiek/Wiskundige Statistiek en Melon Foundation-Beurshouer, me. Annette Prins, koördineerder van die werkwinkel van die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en Ontwikkeling, en dr. Louis van der Westhuizen, Kantoor van die Registrateur: Strategiese Beplanning.



UV bemark by voornemende studente



UV-Bemarking het op 11 en 12 Mei 'n ope dag vir voornemende studente aangebied. Verskeie departemente aan die UV het aan die ope dag deelgeneem. By die stalletjie van die Fakulteit Regsgeleerdheid was van links: me. Martie Nortjé, UV-Bemarking, me. Linda Greyling, UV-Bemarking, en mnr. Jaco Deacon, Departement Handelsreg van die Fakulteit Regsgeleerdheid.

Forensiese ondersoek van Rekenaardienste voltooi

KPMG het die forensiese ondersoek van Rekenaardienste voltooi en die finale verslag is op 8 Mei 2006 aan die Handelstak van die SAPD oorhandig. Die UV en hulle prokureurs is besig met voorbereiding vir verdere dissiplinêre optrede.

 dumela.stg@mail.uovs.ac.za

 <http://www.uovs.ac.za/publications>
<http://www.uovs.ac.za/publikasies>

Landbouteekklub hou reünie



Departement Voedselwetenskap en Verbruikerswetenskap het deur Klub Agric, die Landbouteekklub, 'n reünie-ete aangebied. Met hierdie geleentheid is oud-personeellede van Departement Voedselwetenskap en Verbruikerswetenskap verwelkom. Onder hulle was van links prof. Piet Jooste, sy vrou, Adri, me. Ina Fenwick, me. Dorothy Riekert en me. Elise Lecuona.

Publikasiebesonderhede

Dumela word saamgestel deur UV: Strategiese Kommunikasie.

Redakteur: Leonie Bolleurs

Uitleg: Chrysalis Advertising & Publishing

Drukwerk: PrintAbility

Menings wat in Dumela gelug word, weerspieël nie noodwendig die van die redakteur, Afdeling: Strategiese Kommunikasie, of die UV nie.

Adresplakker